

Augustus: God troos sy kinders deur sy almag

Dinsdag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 6:2

Lewendig dood

Wanneer ons iemand as lewendig dood beskryf, is dit geen kompliment nie. Ons ken hierdie gesegde as 'n beskrywing van iemand wat uitermatig traag is. Traagheid wat soms so langzaam is dat niks gebeur nie. Maar nou in ons teksgedeelte beskryf Paulus ons as dood. Met ander woorde lyke wat eintlik niks kan doen nie.

Natuurlik praat hy oor ons geestelike lewe. Want ons teksgedeelte is immers 'n antwoord op 'n oortuiging wat die direkte eweredigheid tussen die sonde en genade wil uitbuit. Tog besef ons dat, alhoewel ons volmaak gered is in die sterwe en opstanding van Christus, ons tog nog sondig in hier op aarde. Maar hierdie sonde is dan soos daardie laaste stuiptrekkings van 'n liggaam wat reeds gesterf het. Die genade wat ons ontvang in die verlossing in Christus is ook genoeg vir hierdie laaste stuiptrekkings, trouens dit is die rede vir die vreemde stelling in vers 1 van hierdie teksgedeelte. Maar ons word opgeroep om hierdie sterwende sonde in ons heeltemal te laat sterf.

Wat ons aan die ander kant meer moet versorg en laat groei, word beskryf in vers 11. Ons moet lewe in Christus Jesus en groei in ons geloof en belydenis van hierdie waarheid. Moenie 'n lewende dooie vir die sonde wees vandag nie, maar wees 'n lewende heilige en aan God welgevallige offer.

Sing: Psalm 116-1:1, 2, 3

Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)